higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1510**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050314)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Hangplafon (dropped ceiling)	A	katoenvesels met gebosseleerde ontwerp
1.1.2	Marmer	B	boots verskillende teksture op 'n andersins gewone oppervlak na
1.1.3	Geskik vir plaveisel	C	hoofsaaklik vir kliniese redes
1.1.4	Goiing	D	reflektief en verander die proporsies van 'n vertrek
1.1.5	Spieëlteëls	E	bevat klein houtsplinters en saagsels
1.1.6	Gipsbord	F	ondersteun deur skuimpapier of lateks
1.1.7	Anaglypta	G	bied ruimte vir ingelate beligting
1.1.8	Vlekvryestaalteëls	H	kan chemies gekleur wees
1.1.9	Greinpapier	I	stene
1.1.10	Plafonteëls	J	voeë word verskuil

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien die antwoord ONWAAR is.

1.2.1 Keramiekteëls kan aan plafonne gebruik word.

1.2.2 Leiklip is die grootste, gesnyde steengroefklipplate.

1.2.3 Hout kan chemies behandel word om dit brandbestand te maak.

1.2.4 Satynverfafwerking is bedoel vir 'n blink voorkoms en om gewas te word.

1.2.5 Lasdraende mure kan uit kolomme en balke bestaan.

1.2.6 'n Veltonderlaag kan die duursaamheid van 'n mat verbeter.

1.2.7 Vervaardigde vesel is geneig om eerder te smelt as te brand.

1.2.8 Wol is nie die beste keuse vir matvesels nie.

1.2.9 Die meeste vinielplaat het 'n skuimkern om dit te versag.

1.2.10 Bamboes is tegniese gesproke 'n grasplant.

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Blokkiesvloere word van … gemaak

A vinielblokkies
B kurkstroke
C houtblokkies

1.3.2 Harde vloere …

A word vir strukturele steun gebruik.
B is geneig om klank te reflekteer wat akoestiese probleme veroorsaak.
C word oor die algemeen oor 'n betononderbou geïnstalleer.

1.3.3 Klipvloerafwerkings …

A is gewoonlik duurder as ander.
B is gespesialiseerde vloere.
C kan met skerp chemikalieë skoongemaak word.

1.3.4 Handgeweefde matte word …

A deur ponswerk in 'n rugmateriaal gemaak.
B met vlegtegnieke gemaak.
C gemaak deur gekleurde garingstof te gebruik.

1.3.5 Waterbasisverf …

A is meer geskik vir kommersiële areas.
B word gebruik indien 'n wasbare afwerking nodig is.
C word vir 'n matafwerking gebruik.

1.3.6 Spieëls is glas …

A wat deur die eeue heen gebruik is om mure te bedek.
B wat hoofsaak vir weerkaatsing van lig gebruik word.
C met 'n agterlaag van silwer of bronslegerings.

Kopiereg voorbehou

1.3.7 Tipiese plafonhoogtes in residensiële geboue is …

A 2 438 mm.
B 2 743 mm.
C 2 286 mm.

1.3.8 Pleister …

A is duursaam en onbuigsaam.
B kan in baie komplekse fatsoene gevorm word.
C is goedkoper en kan vinniger geïnstalleer word.

1.3.9 Soliede deure …

A word hoofsaaklik binnenshuis vir residensiële geboue gebruik.
B is nie duur nie.
C bied beskerming teen brand, isoleer klank en is weerbestand.

1.3.10 Dubbelvensters …

A skuif horisontaal op spore wat aan die bo- en onderkant in die raam gemonteer is.
B is 'n tipe vertikale skuifvenster.
C het aan die onderkant skarniere en swaai binnewaarts.

(10 × 2) (20)
[50]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die verskil tussen:

2.1.1 Fineer

2.1.2 Laaghout

(2 × 5) (10)

2.2 Wat moet by die gebruik van gebosseleerde muurpapier in gedagte gehou word? (5)

2.3 Bespreek die materiale hier onder wat algemeen in die bedryf gebruik word:

2.3.1 Natuurlike materiale

2.3.2 Saamgestelde materiale

2.3.3 Sintetiese materiale

(3 × 5) (15)

2.4 Vergelyk die eienskappe van marmer en graniet. (15)

2.5 Waarom is dit voordelig om glasblokke as boumateriaal te gebruik? (5)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Wat sou jou raad aan 'n klant wees oor die gebruik van 'n mat van goeie gehalte? (10)

3.2 Noem VYF tipes mensgemaakte vesel. (5)

3.3 Beskryf hoe pluismatte gemaak word. (5)

3.4 Verduidelik waarom rubber 'n goeie keuse vir vloere is. (5)

3.5 Waarom sal jy materiaal as muurbedekking aanbeveel? (5)

3.6 Noem VYF verskillende werksoppervlakke en verduidelik waar en waarom elk gebruik sou word. (5 × 4) (20)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem tradisionele Suid-Afrikaanse wonings en bespreek die konstruksie van:

4.1.1 Mure

4.1.2 Dakke en plafonne

4.1.3 Vloere

4.1.4 Strukturele voorkoms

(4 × 5) (20)

4.2 Bestudeer die beelde van die vensters hier onder wat A–J benoem is. Skryf die letter en die naam van elke venster neer:

a)



Pintrest.co.uk

(b)



www/uswindow-door.com

c)



http://manolohome.*com*

d)



http://hitdis.com

e)



http://honestlywtf.com

f)



g)



www.houzz.com

h)



http://www.worldtelecomsummit.com

i)



http://www.ecostardoubleglazing.com.au

j)



Pintrest.co.uk

(10 × 2) (20)

4.3 Verduidelik die verskil tussen Indiese, Chinese en Persiese matte. (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou